higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OPENBARE GESONDHEID
NKR VLAK 4

(9020034)

20 November 2018 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.


NC(N)

VRAAG 1

1.1 Definieer *veiligheid.* (2)

1.2 Verduidelik die verskil tussen 'n gevaar en 'n risiko. (2 × 2) (4)

1.3 Bestudeer die kombuis in die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.



[Aangepas uit https://ohioline.osu.edu/sites/ohioline/files/imce/Family_and_Consumer_Sciences/BB_K_safety.jpg]

1.3.1 Noem VYF stappe wat jy sal doen om die risiko's wat hierdie kombuis inhou, te assesseer en te minimaliseer. (5 × 1) (5)

1.3.2 Identifiseer SES gesondheids- en veiligheidsgevare in hierdie kombuis en verduidelik waarom elkeen wat jy geïdentifiseer het, gevaar inhou. (6 × 2) (12)

1.3.3 Watter take moet in hierdie kombuis verrig word om higiëne te verbeter? (6 × 1) (6)

1.3.4 Hoe sou jy 'n kakkerlakplaag in hierdie kombuis identifiseer? (5 × 1) (5)

1.3.5 Watter maatreëls sal jy aanbeveel om 'n kakkerlakplaag te beheer? (6 × 1) (6)

[40]

VRAAG 2

2.1 Laat die nooddiens in KOLOM A by die korrekte kontaknommer in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Selfoonnooddienste	A	911
2.1.2	Netcare911	B	10111
2.1.3	Landswye noodrespons	C	10177
2.1.4	ER24	D	112
2.1.5	Landswye ambulansdienste	E	084 124
		F	082 911

(5 × 1) (5)

2.2 Wat is die oogmerke van noodhulp? (3 × 1) (3)

2.3 Watter stappe sal 'n noodhelper doen om 'n slagoffer te help wat in 'n noodgeval inmekaargesak het? (10 × 1) (10)

2.4 Teken en voltooi 'n tabel soos die een hier onder om VYF korttermyn- en VYF langtermyngevolge van lugbesoedeling op die mens se gesondheid aan te dui.

KORTTERMYNGEVOLGE	LANGTERMYNGEVOLGE

(10 × 1) (10)

2.5 Wat kan jy doen om jouself teen lugbesoedeling te beskerm? (6 × 2) (12)

[40]

VRAAG 3

3.1 Definieer die volgende:

3.1.1 Beroepsgesondheid en -veiligheid

3.1.2 Werkgewer

3.1.3 Werknemer

(3 × 2) (6)

3.2 Noem SES verantwoordelikhede van werkgewers. (6 × 1) (6)

3.3 Noem SES verantwoordelikhede van werknemers. (6 × 1) (6)

3.4 Noem VYF tipes gestremdhede en gee EEN voorbeeld van elk. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

3.5 Watter soort toeganklikheidsprobleme kan 'n persoon in 'n rolstoel in die tuisomgewing ondervind? (6 × 1) (6)

3.6 Beveel stappe aan wat gesinslede van 'n persoon met gestremdhede kan doen om na hul eie gesondheid en welstand om te sien. (6 × 1) (6)
[40]

VRAAG 4

4.1 Gee VIER higiënestandaarde wat verkopers by kosstalletjies moet nakom. (4)

4.2 Noem VIER omgewingsrampkategorieë. (4 × 1) (4)

4.3 Noem SES stappe wat ons kan doen om 'n gesonde omgewing te bevorder. (6)

4.4 Noem SES maniere waarop die mens die omgewing vernietig. (6 × 1) (6)

4.5 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> Cindy is 'n enigste kind. Sy hou van lees, om na musiek te luister en om met die bure se kat te speel. Cindy het nog altyd haar eie kat begeer, maar haar ouers sê dat die verantwoordelikheid te groot is.

4.5.1 Watter verantwoordelikhede sal Cindy hê as sy na haar eie kat moet omsien? (5 × 2) (10)

4.5.2 Hoe kan dit 'n kind se gesondheid en welstand bevorder om 'n kat te hê? (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 5

5.1 Wat is gesondheidsopvoeding? (2)

5.2 Wat is gesondheidsbevordering? (2)

5.3 Gee SES beginsels van gesondheidsbevordering. (6 × 1) (6)

5.4 Beveel VYF fokusgebiede vir gesondheidsbevordering in jou gemeenskap aan. (5 × 2) (10)

5.5 Verduidelik hoe dit die gesondheid en welstand van 'n kind kan beïnvloed om in 'n gewelddadige huis groot te word. (5 × 2) (10)

5.6 Som die maniere op waarop sportdeelname tot geestesgesondheid in gesinne kan bydra. (5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou